



Verwysing: 20180219-9515
12/2/8/2
Navrae: DD Louw

Omsendbrief: 0012/2018
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale van openbare skole en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Aansoeke om vrystelling van die betaling van skoolgeld deur voogde wat nie besonderhede oor die totale bruto jaarlikse inkomste van die ander ouer van die betrokke leerder kan gee nie*

Onderwerp: Voorwaardelike vrystellings van die betaling van skoolgeld

1. Op 13 Desember 2017 het die Hoogste Hof van Appèl beslis en gelas oor *Head of Department Western Cape Education Department and Others vs. Saffer* (1209/2016) [2017] ZASCA 187.
2. Paragraaf 4 en 5 van die bevel van die Hoogste Hoof van Appèl lees soos volg:
 4. Daar word verklaar dat die Aansoeker [d.i. me. Saffer] daarop geregtig was dat haar aansoeke om vrystelling van die betaling van skoolgeld en die verwante appèlle op die manier soos hierna uiteengesit, hanteer word, met verwysing na die *Regulations relating to the Exemption of Parents from Payment of School Fees in Public Schools* (Staatskennisgewing R.1052 in Staatskoerant 29311 van 18 Oktober 2006) soos gewysig ("die Regulasies"). Alle openbare skole, beheerliggame en onderwysdepartemente moet ten aansien van die Aansoeker en alle ander ouers wat in dieselfde of soortgelyke situasie as die Aansoeker is hieraan voldoen:
 - (a) Die beheerliggaam van 'n openbare skool sal 'n voorwaardelike vrystelling van betaling van skoolgeld toestaan, soos na verwys in Regulasie 1 van die Regulasies, aan 'n ouer wat:

- (i) *in sy of haar aansoek om vrystelling:*
 - (aa) *besonderhede van sy of haar totale bruto jaarlikse inkomste gee; en*
 - (bb) *nie besonderhede van die totale bruto jaarlikse inkomste vir die ander ouer van die betrokke leerder gee nie omdat die ander ouer geweier of nagelaat het om sodanige besonderhede vir die ouer wat om vrystelling aansoek doen, te gee; en*
- (ii) *na aanleiding van net sy of haar totale bruto jaarlikse inkomste, vir 'n volle of gedeeltelike vrystelling ingevolge die Regulasies sou kwalifiseer as hy of sy die enigste ouer van die betrokke leerder was.*
- (b) *'n Voorwaardelike vrystelling sal die volle vrystelling of die gedeeltelike vrystelling wees waarop die aansoeker geregtig sou wees as hy of sy die enigste ouer van die betrokke leerder was.*
- (c) *Wanneer sodanige voorwaardelike vrystelling toegestaan word, sal die beheerliggaam voorwaardes stel ten effekte dat die aansoeker wat vrystelling versoek het:*
 - (i) *onverwyld enige verhoging ten opsigte van sy of haar bruto jaarlikse inkomste tydens die betrokke skooljaar by die skool moet aanmeld wat, as dit sy of haar inkomste tydens die aansoek om vrystelling was, hy of sy nie op die ontvangs van die volle of gedeeltelike vrystelling geregtig sou wees nie;*
 - (ii) *wanneer die beheerliggaam so versoek, die skoolgeld of die gedeelte van die skoolgeld waarvoor hy of sy ingevolge die Regulasies verantwoordelik sou wees, gebaseer op sy of haar toenemende bruto jaarlikse inkomste; moet betaal op redelike terme wat deur die beheerliggaam bepaal is nadat hy of sy geleentheid tot verhoë gehad het;*
 - (iii) *nie aanspreeklik gehou sal word om enige sodanige betaling te maak tensy sy of haar bruto jaarlikse inkomste tydens die betrokke skooljaar sodanig verhoog het dat, indien dit sy of haar inkomste was tydens die tyd toe aansoek om vrystelling gedoen is, hy of sy nie geregtig om ontvangs van die volle of gedeeltelike vrystelling sou wees nie of hy of sy sou op 'n kleiner gedeeltelike vrystelling as dit wat aan hom of haar toegestaan is, geregtig wees.*

5. Daar word verklaar dat die toekenning van sodanige voorwaardelike vrystelling nie die openbare skool sal verhinder om regstappe te doen om betaling van die skoolgeld of die balans van die skoolgeld, hoe dit ook al mag wees, ingevolge artikel 41(1) van die Wet [(d.i. die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996)] deur die ander ouer van die betrokke leerder af te dwing nie.

- 3. Hierdie omsendbrief sit die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se begrip van die betekenis en praktiese implementering van die bevel uiteen.

4. Paragraaf 4(a) en (b) van die bevel beteken:
 - 4.1 indien 'n leerder by 'n openbare skool waar skoolgeld betaal word twee lewende ouers het;
 - 4.2 indien een van hulle aansoek doen by die skool om gedeeltelike of volle vrystelling van die verpligting om skoolgeld te betaal;
 - 4.3 indien die ouer wat aansoek doen besonderhede van sy of haar totale bruto jaarlikse inkomste in daardie aansoek gee;
 - 4.4 indien die ouer wat aansoek doen nie in daardie aansoek besonderhede oor die totale bruto jaarlikse inkomste van die ander ouer gee nie omdat die ander ouer geweier of nagelaat het om die besonderhede vir die ouer wat aansoek doen te gee; en
 - 4.5 indien, met inagneming van die totale bruto jaarlikse inkomste van net die ouer wat aansoek gedoen het, hy of sy vir 'n totale of gedeeltelike vrystelling ingevolge die Regulasies sou kwalifiseer as hy of sy die enigste ouer van die leerder was,

dan is die skool verplig om 'n voorwaardelike vrystelling van betaling van die skoolgeld – gelykstaande aan die volle of gedeeltelike vrystelling waarop die ouer wat aansoek doen geregtig sou wees indien hy of sy die enigste ouer van die leerder was, aan die ouer wat aansoek doen toe te staan.
5. Prakties gesproke verplig paragraaf 4(a) en (b) van die bevel alle skole waar skoolgeld betaal word om voorwaardelike vrystellings aan ouers toe te staan indien, maar slegs indien, al vyf kriteria wat in paragraaf 4.1 tot 4.5 hierbo opgesom is, nagekom word.
6. Hoewel al daardie kriteria selfverduidelikend is, beklemtoon die WKOD die volgende met betrekking tot die vierde kriterium (opgesom in paragraaf 4.4 hierbo):
 - 6.1 die vierde kriterium vervat twee feitelike elemente. Albei moet nagekom word:
 - 6.1.1 die ouer wat aansoek doen, moenie besonderhede van die totale bruto jaarlikse inkomste van die ander ouer in sy of haar aansoek om skoolgeldvrystelling verskaf nie; en
 - 6.1.2 die versuiming van die ouer wat aansoek doen om dit te doen moet wees omdat die ander ouer geweier of nagelaat het om sodanige besonderhede vir die ouer wat aansoek doen te gee.
7. Die vierde kriterium beteken, voordat 'n skool 'n voorwaardelike vrystelling toestaan aan 'n ouer wie se aansoek oënskynlik aan al vyf kriteria voldoen, is 'n skool daarop geregtig om te verifieer dat die rede waarom die ouer wat aansoek doen nie besonderhede van die totale bruto jaarlikse inkomste van die ander ouer verskaf het

nie, is omdat die ander ouer inderdaad geweier of nagelaat het om daardie besonderhede te gee. Met ander woorde, die skool is nie verplig om die ouer wat aansoek doen se woord as rede waarom hy of sy nie die besonderhede verskaf het nie, te aanvaar nie.

8. Daarenteen, doen die skool navrae op sy eie om na sy beste vermoë vas te stel of dit waar is dat die ander ouer geweier of nagelaat het om besonderhede van sy of haar bruto jaarlikse inkomste te gee. Daardie navrae mag, en in die meeste gevalle moet, behels dat gepoog word om die ander ouer te kontak om vas te stel of hy of sy inderdaad geweier of nagelaat het om besonderhede van sy of haar bruto jaarlikse inkomste aan die ouer wat aansoek doen, te verskaf.
9. Indien die skool dit regkry om die ander ouer te kontak, en indien die ander ouer bevestig dat hy of sy inderdaad geweier of nagelaat het om besonderhede van sy of haar bruto jaarlikse inkomste aan die ouer wat aansoek doen, te verskaf, moet die skool die geleentheid gebruik om:
 - 9.1 die ander ouer aan te moedig om daar en dan of so spoedig moontlik besonderhede van sy of haar bruto jaarlikse inkomste aan die skool te verskaf (sodat dit die ouer wat aansoek doen, mag help om die vorm te voltooi, soos voorsien deur Regulasie 9(4) van die Regulasies) of so spoedig moontlik aan die ouer wat aansoek doen te verskaf (sodat daardie ouer wat aansoek doen paragraaf 3.1 van die vorm in Bylae B van die Regulasies behoorlik kan invul); en
 - 9.2 die ander ouer in te lig dat, indien hy of sy nie besonderhede van sy of haar jaarlikse inkomste verskaf nie, die skool regstappe teen hom of haar sal doen om betaling van die volle bedrag van die skoolgeld ingevolge artikel 41(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASW), 1996 (Wet 84 van 1996) af te dwing.
10. Indien die skool, na redelike pogings om hom of haar te kontak, dit nie regkry om die ander ouer in die hande te kry nie, moet die skool die verklaring van die ouer wat om vrystelling aansoek doen, aanvaar dat die ander ouer geweier of nagelaat het om besonderhede van sy of haar bruto onkomste te verskaf, tensy daar iets in die feitlike matriks of omliggende omstandighede is wat daarop dui dat die skool verdere stappe moet doen (bv. 'n nasporningsagent aanstel of 'n prokureur betrek om die ander ouer te probeer kontak).
11. Paragraaf 4(c) van die bevel vereis dat wanneer 'n voorwaardelike vrystelling ingevolge 4(a) en (b) daarvan toegestaan word, dit onderworpe aan drie voorwaardes – wat in die brief wat die vrystelling toestaan, gespesifiseer moet word – gedoen moet word.
12. Die eerste voorwaarde is dat, die ouer aan wie die voorwaardelike vrystelling toegestaan is onmiddellik gedurende die betrokke skooljaar enige verhoging in sy of haar bruto jaarlikse inkomste by die skool, wat – indien dit die inkomste ten tyde van

die aansoek om vrystelling was, die ouer van volle of gedeeltelike vrystelling sou uitsluit – moet aanmeld. Omdat baie ouers nie sal weet of 'n spesifieke verhoging in hul bruto jaarlikse inkomste sodanige invloed sou hê nie, is die eenvoudigste manier om hierdie voorwaarde op sodanige manier te stel dat daar van die ouer vereis word om onmiddellik enige verhoging in sy of haar bruto jaarlikse inkomste gedurende die betrokke skooljaar aan te meld.

13. Indien die skool sodanige verslag ontvang, moet dit die verhoging in die ouer se bruto jaarlikse inkomste in ag neem en, met verwysing na die formule en tabel in Regulasie 6 van die Regulasies, bepaal of die verhoging enige invloed het op die bedrag van die vrystelling wat aan die ouer toegestaan is.
14. Indien die verhoging in die ouer se bruto jaarlikse inkomste inderdaad sodanige invloed het, moet die skool die ouer in verband met die verlaging in die vrystelling in kennis stel en derhalwe die addisionele bedrag betaalbaar aan die skool deur die ouer, en die ouer versoek om verdoë te rig oor die betalingsterme, indien enige, wat die ouer as redelik beskou.
15. Die nood vir 'n geleentheid om daardie verdoë te rig en die uiteindelijke (potensiële) aanspreeklikheid om verhoogde skoolgeld te betaal, spruit voort uit die tweede van die voorwaardes wat paragraaf 4(c) van die bevel vereis deur die skool gestel moet word wanneer 'n voorwaardelike vrystelling toegestaan word. Meer spesifiek, soos voorheen genoem, die tweede voorwaarde is dat die ouer aan wie 'n voorwaardelike gedeeltelike of volle vrystelling toegestaan word op redelike terme, wat deur die beheerliggaam vasgestel sal word nadat hy of sy die geleentheid gekry het om verdoë te rig, wanneer so deur die beheerliggaam vereis die skoolgeld of die gedeelte van die skoolgeld waarvoor hy of sy ingevolge die Regulasies aanspreeklik is, gebaseer op sy of haar verhoogde bruto jaarlikse inkomste, moet betaal.
16. Die WKOD beklemtoon dat dit implisiet is in die eerste en tweede voorwaardes wat paragraaf 4(c) van die bevel vereis deur die skool gestel moet word wanneer 'n voorwaardelike vrystelling toegestaan word, dat:
 - 17.1 indien die bruto jaarlikse inkomste van die ouer aan wie die voorwaardelike vrystelling toegestaan is gedurende die betrokke skooljaar verhoog tot 'n vlak wat, indien dit sy of haar inkomste tydens die aansoek om vrystelling was, hom of haar nie geregtig sou maak op die ontvangs van die volle of gedeeltelike of enige gedeelte van die vrystelling nie;
 - 17.2 indien die ouer nie die skool onmiddellik oor die verhoging in kennis stel nie; en
 - 17.3 indien die skool van die verhoging te wete kom,

is die skool daarop geregtig om die toepaslike verlaging in die vrystelling (en die gevolglike verhoging in die skoolgeld betaalbaar deur die ouer) te bereken en, nadat die ouer 'n redelike geleentheid gekry het om verdoë, indien enige, ten opsigte van

die betalingsterme wat die ouer as redelik beskou te rig, is die skool voorts daarop geregtig om die verhoogde skoolgeld by die ouer te eis.

18. Die derde van die voorwaardes wat paragraaf 4(c) van die bevel vereis dat die skool stel wanneer 'n voorwaardelike vrystelling toegestaan word, is een wat in werklikheid die ouer se aanspreeklikheid ophef om die skoolgeld te betaal (in die geval van 'n voorwaardelike volle vrystelling) of 'n gedeelte daarvan (in die geval van 'n voorwaardelike gedeeltelike vrystelling) in alle gevalle waar die jaar waarin die vrystelling toegestaan is, verbygaan sonder dat die bruto jaarlikse inkomste van die betrokke ouer sodanig verhoog dat 'n aanpassing van die vrystelling nodig is. Hierdie voorwaarde bepaal, in werklikheid, dat die ouer aan wie 'n voorwaardelike vrystelling toegestaan is, nie aanspreeklik is om die skoolgeld of enige gedeelte daarvan te betaal as sy of haar bruto jaarlikse inkomste nie sodanig gedurende die betrokke skooljaar verhoog dat, indien dit sy of haar inkomste tydens die aansoek om vrystelling was, hy of sy nie daarop geregtig sou wees om die totale of gedeeltelike vrystelling te kry nie of hy of sy net geregtig sou wees op 'n kleiner gedeeltelike vrystelling as die een wat wel aan hom of haar toegestaan is.
19. 'n Finale kwessie het betrekking op die skool se reg om 'n aksie teen die ander ouer in te stel, d.w.s. die ouer wat geweier of nagelaat het om besonderhede oor sy of haar inkomste aan die ouer, wat om die vrystelling aansoek doen, te gee. Dit word gereguleer deur paragraaf 5 van die bevel, wat bepaal dat die toestaan van 'n voorwaardelike vrystelling aan die ouer, wat om vrystelling aansoek doen, nie die openbare skool verhinder om regstappe te doen om betaling van die skoolgeld of die balans daarvan, soos die geval mag wees, deur die ander ouer van die betrokke leerder ingevolge artikel 41(1) van die SASW af te dwing nie.
20. Wanneer hierdie paragraaf saam met artikel 41 van die SASW gelees word, soos dit moet, beteken dit:
 - 20.1 die skool mag regstappe teen die ander ouer instel na 'n wagtydperk van drie maande soos deur artikel 41(5)(b) vereis nadat die kennisgewing aan hom of haar, soos vereis deur artikel 41(5)(a), gegee is en hy of sy gedurende daardie tydperk nie die hele of gedeeltelike skoolgeld betaal nie en dan ook nie aansoek doen om 'n vrystelling (volle bedrag van skoolgeld of net die onbetaalde gedeelte nie) nie, of
 - 20.2 indien die ander ouer dan ook om 'n volle of gedeeltelike vrystelling aansoek doen deur die voorgeskrewe vorm na behore in te vul (d.w.s. die vorm in Bylae B van die Regulasies) soos deur artikel 41(4)(c) van die SASW vereis, asook deur die bruto jaarlikse inkomste van albei ouers te gee, en indien die skool daarna vasstel dat hy of sy nie vir 'n vrystelling kwalifiseer nie, mag die skool regstappe teen hom of haar instel.
21. Die bedrae wat die skool van die ander ouer in daardie regsdinge mag eis, is soos volg:

- 21.1 in gevalle waar 'n totale vrystelling toegestaan is aan die ouer wat aansoek doen, mag die skool die totale bedrag van die skoolgeld van die ander ouer eis, tensy hy of sy dan ook om 'n vrystelling aansoek gedoen het en sy of haar aansoek om vrystelling toon dat hy of sy op 'n vrystelling geregtig is (in welke geval die skool nie die bedrag van die vrystelling waarop die ander ouer geregtig is, sal eis nie); en
- 21.2 in gevalle waar 'n gedeeltelike vrystelling toegestaan is aan die ouer wat aansoek doen, mag die skool die balans van die skoolgeld van die ander ouer eis.
22. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle personeel- en beheerliggaamlede.

GETEKEN: A LEWIS

WAARNEMENDE HOOF: ONDERWYS

DATUM: 2018-03-14